HOËRSKOOL
# BREDASDORP
HIGH SCHOOL

# Nuusbrief Newsletter

15 | 2026
22 | 05 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Vry. 22 Mei: Netbal Wes-Kaap proewe
Sat. 23 Mei: Sportdag vs HS Dirkie Uys (weg)
Netbal Wes-Kaap proewe
Skaak: Overberg liga
Di. 26 Mei: Allegreto Eisteddfod
Sportdag Charlie Hofmeyr (weg) (vertrek 12:00)
Do. 28 Mei: Netbal Overberg Skole Kampioenskappe (ons o.19A-span neem deel)
Vry. 29 Mei: Eksamen begin
Sat. 30 Mei: Landloop Interdistrikte-byeenkoms (Stellenbosch)




TERM THEME
Be a leader

## LIEF EN LEED

Ons snoepietannie, me Lorraine Flack, sterk tans aan na 'n voetoperasie. Ons bid haar 'n algehele en spoedige herstel toe.

## VRL-UITSTAPPIE



### VRL EN MATRIEKRAAD

Die VRL en Matriekraad het onlangs 'n onvergeetlike spanbou en ontwikkelingsuitstappie na Kaapstad onderneem. Hulle het op die ikoniese Rooibus-toer die stad verken. Die leerders het die dag terdeë geniet, baie gelag en die geleentheid gehad om mekaar buite die skoolomgewing beter te leer ken.'n Hoogtepunt van die dag was die heerlike vis en skyfies wat in Houtbaai geniet is. Die laaste deel van die toer het die asemrowende Chapman's Peak-roete ingesluit. 'n Dag vol pret, waar vriendskapsbande gesmee is en kosbare herinneringe gebou is.

## BDs KNOW HOW TO SPEAK THEIR MINDS

We are extremely proud of the five participants who competed in the Shipwreck Museum's High School Speech contest on 21 May. The diverse group of BD's really knocked it out of the park with their expertly crafted speeches.
The judges had a particularly hard time determining the winners who would advance to the next round that will be held at the Drostdy Museum in Swellendam. They took on difficult topics and gave practical solutions to various problems.



FLTR: Marques Wilskut (gr 11), Nontle Xamlayo (gr 11- second), Lucy Turvey (gr 11 – 1st place), Mrs Liezel van Schalkwyk, Malienke van Wyk (gr 11, 3rd), Kgothatso Ledwaba (gr 10)

### HEUNINGBERG-PROJEK

Die gr 8's het op Donderdag, 21 Mei, fluks in HSB se terrasbeddings in die Heuningberg-reservaat gewerk. Dooie en gebrande plantjies is uitgehaal, 'n Port Jackson (indringerboom) is verwyder en foto's is geneem van nuwe plantjies wat na die afgelope paar dae se goeie reën verskyn het. Ds Peet Crous ('n afgetrede predikant wat nou in Agulhas woon) het die groep vergesel en verskeie plante aan die leerders uitgewys.



VLNR: Emile Small, Christiaan Shepherd, Ethan Simpson, Elmé Ryk, Zara Europa, Gabriella Dick

# SPORT

## RUGBY



### DAYTON MAAK ONS TROTS!

Ons is breëbors-trots op Dayton Hartnick, gr 10, met sy opname in een van die twee o.16 Boland Rugbygroepe! Die spanne speel Dinsdag teen WP as finale proewe.

Baie geluk met hierdie besondere prestasie, Dayton!

## HOKKIE

**HOKKIE: BOLAND**
Ons is baie trots op die onderstaande BD's wat in verskeie Bolandspanne opgeneem is wat gedurende die Julie-vakansie aan hul onderskeie toernooie gaan deelneem.



**VLNR: Ruvarashe Dasi, Caleb Witbooi, Darren Temmers, Brent Sinani, Aaron Moyo, Joël Jepthas**

## FIETSRY

André Smit, gr 11, het die afgelope naweek aan die WP Skole Liga Fietswedren oor 94 km in Philidelphia deelgeneem. Met 'n tyd van 2 uur 34 minute het hy in die 3de plek geëindig en daarmee sy eerste podiumverskyning gemaak. Aanhouer wen beslis! Baie geluk, André. Mag daar nog baie podiumverskynings vir jou wees.





## TVOS KRANSLEGGING

Mnr Retief en die hoofleiers, Hugo Bester en Kara Liebenberg, het vandag, 22 Mei, die kranslegging van TVOS bygewoon. Hierdie jaarlikse instelling van TVOS is om hulde te bring aan afgestorwe kollegas.



## LANDLOOP

**Landloopuitslae: Buffeljagsrivier: 20 Mei 2026**

Indran Plaatjies S.15 2de
Caden Vyver S.15 6de
Jan-Carel Lochner S.17 1ste
Annie Chigodora D.19 3de

Jul pragtige uitslae getuig van jul deur-settingsvermoë en toewyding. Baie geluk!




## NETBAL

Ons is baie trots op die volgende netbalspelers wat deurgedring het na die finale rondte van die Wes-Kaap Netbalproewe wat op 22 en 23 Mei, in Riversdal, plaasvind:

o.14 Mika Stanley
o.16 Alicia Mukaratirwa
o.17 Zani Neethling
o.18 Mia Swart

Baie geluk aan me Aliesha Odendaal wat as Wes-Kaap o.18 afrigter verkies is. Ook aan BD-afrigter, me Des Namise wat as Wes-Kaap o.16-afrigter aangewys is
.
Geniet elke oomblik! Ons hou vir julle duime vas.




📅 **Wednesday, 20 May 2026 vs Hermanus HS**

🏐 Netball-Results:

| | |
|---|---|
| 💛 16B<br>☹ Lost: 4-8 | 💛 16A<br>☹ Lost: 9-36 |
| 💛 17B<br>☹ Lost: 7-22 | 💛 17A<br>☹ Lost: 15-40 |
| 💛 19B<br>😁 Won: 24-17 | 💛 19A<br>☹ Lost: 27-42 |

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication






EFFICIENT INSURE

ROUX

BILTONG LAND BREDASDORP

bp KWIK 'n GO TYRE & FITMENT CENTRE

Kalk Delite

RENT TO BUY CARS

Yvonne Latsky Physiotherapy

CS Crop Solutions

NETCOM FIBER - WIRELESS - VOIP

santam dis nou vrvheid

VILLET

ikamva Diesel 50PPM

A1 TYRES 079 469 1751

VIKING

ELIM slaghuis butchery

THEUNS DE BRUIN KLINIESE SIELKUNDIGE

Intshiba SA CERAMIC & COFFEE SHOP

POSTNET

OVERBERG PRE-OWNED

Langezandt Properties

SUIDPUNT SEKURITEIT

HEUNINGBERG MEDICAL 028 424 1101 Drs Barto Saayman & Johann Latsky

JANNIE ENGELBRECHT OPTOMETRIST

Gavin's Trattoria 072 200 5530 - EST 2022 -

Voermol Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien

ARRIE NEL PHARMACY GROUP

DK REFRIGERATION & AIRCONS

moov ENERGY

SPUR STEAK RANCHES

NATION MUSHROOMS

TwinD Tours

ANTOINETTE

SRS

STAR SIGNS

packtown

OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT

adelldesigns

JEB CONNECT

AGRIMARK

P & B LIME WORKS P & B KALKWERKE

PAINTSMITHS

LBF PROKUREURS ATTORNEYS

Harcourts Cape Agulhas

KING CHICKEN

ROLA TOYOTA

LMI SKALE / SCALES Bredasdorp Tel: 028 425 1463

InteliGro intelligent crop solutions

ROLA Ford

OJ PLANT HIRE

AFRI POINT PLUMBING & GAS 078 832 6413

OVERBERG SPECIALITY FOODS

bvsa

CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

OVERBERG SINCE 1918

Build it

Gemini Alu

SUPERSPAR BREDASDORP

**TERM THEME**
**Be a leader**

**KWARTAALTEMA**
**Wees 'n leier**